SA Media - The University of the Free State
Page: 1
Source: VOLKSBLAD
Date: 29-Dec-2006
Topic: 05
Ref No: 2643
1
ID: 03424758-01
Source Page: 8

# Ons woon lank saam

## *'n Swart Jansen se pret en ellende*

**BRANDPUNT**

*Jonathan Jansen*



EK is lank reeds bewus van sowel die pret as die ellende hieraan verbonde: 'n swart man wie se van Jansen is.

Min Suid-Afrikaners vra hoe dit gebeur het; hulle is maar te bewus daarvan dat enigeen, veral diegene wat 'n obsessie met die mite van suiwer rasse koester, oor hierdie ryk erfenis van familielede oor die kleurgrens heen beskik.

In ander lande wil mense by my weet: Hoe het dit gebeur?

Die antwoord is eenvoudig:

Verskillende mense woon reeds langer as drie eeue saam en menslike wesens is nogal geneig om mekaar lief te kry – ongeag hul heersers se rassisme en die bekrompenheid van hul onderdane.

Toe ek jare gelede in Zimbabwe met veldwerk vir my doktorsgraad besig was, is ek een Vrydag uitgenooi om ter ere van Suid-Afrikaanse studente aandete te geniet aan die huis van 'n akademikus wat aan die Universiteit van Zimbabwe verbonde was.

Ek was senuagtig; dit was immers die tyd van spioene en sabotasie deur die apartheidsbewind en ek het geweet dat sommige van hierdie "studente" op 'n heeltemal andersoortige sending daar was.

"Maar jy moet mnr. Botha ontmoet," het my gasprofessor aangedring; tog was daardie van (Botha) in die 1980's genoeg om my oortuiging om nie te gaan nie te versterk.

Ek het myself uiteindelik na die ete gesleep.

Daar ontmoet ek toe vir Thozamile Botha; hy was ook nie juis oorgretig om 'n Jansen "uit die tuiswêreld" te ontmoet nie.

Een aand, op pad terug huis toe van die Universiteit van Pretoria, hou ek by 'n plaaslike vulstasie stil vir brandstof.

Ek wou toilet toe gaan en ontdek toe tot my afgryse een van die vuilste plekke denkbaar waar mense hul nood kon verlig.

Ek het bitterlik gekla en bekom toe die selfoonnommer van die eienaar. "Nee, nee, nee," sê hy.

"Ek sien waar jy die fout begaan, mnr. Jansen . . . daardie toilet is nie vir jou bedoel nie, maar wel vir swartes!" Op so 'n oomblik wik en weeg ek roekeloos tussen lag en huil.

Wanneer ek oor 'n telefoon Afrikaans praat, kan my van by die persoon aan die ander kant inligting ontlok wat nooit andersins gedeel sou gewees het nie indien die beller daarvan bewus was dat die ander persoon swart is.

Soos 'n paar weke gelede, toe ek tydens die vroeë Sondagoggendure swerms polisiemanne by 'n huis aantref.

Aangesien hierdie gebeurtenis slegs enkele kilometers van my huis af plaasgevind het, is ek bekommerd en vra wat gebeur het.

" 'n Verkragting," kondig die polisieman verbasend kalm aan. Ek bel ons sekerheidsfirma en verneem of dié weet van die verkragting verder af in die straat.

"Mnr. Jansen," vra die veiligheidsbeampte, "was dit die huishulp of die huisvrou?" Toe verloor ek my beheer: "Dit was verkragting!" skree ek. "Maak dit saak?"

Maar aanvalle op die van Jansen is nie die eksklusiewe voorreg van agterlike wittes nie; dit is ook agterlike swartes se teiken.

Laat een aand, in 'n inbelprogram met 'n oorwegend swart luisteraarskorps, neem ek 'n standpunt jeens opvoeding in wat onpopulêr blyk te wees.

Elke swart inbeller val die ván aan; een skree: "Ek hoef nie na daardie Pretoriase boer te luister nie!" Toe die gasomroeper, Given Mkhari, egter aankondig "die boer is swart", verander die toon van die oproepe beduidend ten gunste van "die kameraad uit Pretoria".

Soms is die beswaar skadeloos. Soos die ouma uit Kemptonpark wat my kom spreek het na aanleiding van 'n aangename telefoongesprek oor haar kleinkind se akademiese vordering.

My sekretaresse was reeds weg en die ouma klop hard aan my deur; ek stap uit en sy kondig beleef aan: "Ek kom die dekaan, professor Jansen, sien, asseblief."

Ek maak toe bekend dat ons twee dieselfde persoon is, waarop sy my saggies met haar wandelstaf opsy stoot en sê: "Ag nee, my kind, moenie speletjies speel nie."

Die wêreld het net te snel na hierdie ouma se sin verander.

Dit blyk dat een van my oumagrootjies, 'n vername Koi-vrou, etlike geslagte gelede met 'n pasifistiese Boer getrou het.

Hy het geweier om aan die kant van enige van die twee strydende partye in die Anglo-Boereoorlog te veg.

Ek wonder dikwels wat 'n pragtige land Suid-Afrika kon gewees het indien primitiewe wette soos die Wet op Verbod op Gemengde Huwelike eenvoudig nie bestaan het nie en mense toegelaat is om sonder vrees lief te hê. Dit is immers hoe Jansen my van geword het!

■ **Die skrywer is dekaan van die fakulteit opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria.**